

MY STELLENBOSCH SPRONG NA VRYHEID

Sampie Terreblanche

Ek het op 21 Februarie 1987 uit die Nasionale Party bedank. Die vorige dag het 28 lede van die Besprekingsgroep '85 - waarvan ek die voorsitter was - 'n samespreking van 2½ uur met Pres P W Botha in Tuynhuys gevoer. Die samesprekings was 'n katestrofe. Dit het aan my uiteindelik genoeg moed en rede gegee om my sprong te maak. My sprong na vryheid - uit die knegskap van NP en die Afrikaner-establishment.

Die sprong van 21 Februarie 1987 was geensins 'n maklik of 'n pynlose een nie. Die feit dat my wegbreuk deel van 'n akademiese opstand op Stellenbosch was, het dit darem baie makliker gemaak. Nogtans het ek gou agtergekom dat 'n mens nie met 'n enkele naelstring aan die Afrikaners as die eerste en enigste Witstam van Afrika verbind word nie. Die "organiese" binding aan die volk is ook van so 'n aard dat mens dit nie met een groot knip kan deurknip nie. 'n Mens word eerder deur 'n groot aantal dun en onsigbare naelstringe aan die Afrikaner gemeenskap verbind. Oor die afgelope 3½ jaar het ek geen keuse gehad as om baie van hierdie dun draadjies een vir een deur te knip nie. Elke keer was dit pynlik en elke keer moes ek 'n bietjie bloed laat. Dit is nie lekker as bekendes in die straat of op 'n lughawe baie opsigtelik wegdraai of ander pad kyk wanneer hulle my sien aankom nie. //

Maar tenspyte van al die pyn en ongemak wat die breek met die establishment meegebring het, is dit 'n ervaring wat ek vir geen geld ter wêreld sou wou misgeloop het nie. Tot nou toe was dit 'n tydperk van ongekende intellektuele stimulus. Vir die eerste keer kon ek nou die NP en die Afrikaner establishment van "buite" bekyk terwyl ek nog goed onthou wat "binne" aan die gebeur was. As deel van die paradigma-sprong moes ek my eie siening van die Suid-Afrikaanse probleem opnuut deurdink en myself daaromtrent oriënteer. Net so moes ek my opnuut verantwoord oor die rol van 'n akademikus - in veral die sosiale

wetenskappe - in 'n land met soveel sosiale, politieke en ekonomiese probleme soos Suid-Afrika, waar die betrokke probleem 'n opvallende strukturele karakter het en waar mens jou bevind in die geledere van die (wit) heersersgroep wat die onregverdige strukture op elke denkbare wyse probeer goedpraat en in stand probeer hou.

Dit sou egter verkeerd wees om die indruk te wek dat my lewe nou een van ononderbroke stimulus en van sonskyn en rose is. Inteen-deel. Wanneer 'n mens jou van die establishment losmaak, maak mens jou ook los van die oppervlakkige optimistiese scenario en die geborgenheid wat die establishment noodgedwonge moet "produ-seer" om sy bestaan en voortbestaan te regverdig. Die wegbrek van die establishment impliseer ook dat ek my nie langer deur die propaganda van die establishment om die bos kon laat lei nie. Ek het nou geen ander keuse gehad as om vir myself te dink en om die harde - en dikwels onrusbarende werklikheid - vierkantig in die oë te kyk nie. Dit wat ek te sien kry van "buite" die establishment - óók hoe die establishment se doen en late van "buite" lyk - is allermins 'n mooi gesig!

Ek het op 'n plaas naby Edenville in die Vrystaat grootgeword. Albei my ouers was kolonialers - van Mosselbaai en Oudtshoorn. 'n Mens is seker maar altyd geneig om jou Pa oor te idealiseer. Ek het 'n goeie Pa gehad. Hy het 'n sterk sin vir regverdigheid gehad. Hy was baie kalm en vredeliewend. (In dié opsig aard ek nie na hom nie!) Sy lewenservaring vertel egter ook die tragiese verhaal van die broedertwis wat klaarblyklik endemies tot die Afrikanerstam behoort.

My Pa het in 1914 gerebelleer en in die tronk beland. Gedurende die Rebellion het hy ene Jan Bester deur een van sy knieë geskiet. Toe ek 'n klein seuntjie was het oom Jan Bester - wat baie swaar kruppel geloop het - jaarliks met 'n dorsmasjien (wat nog deur 'n stoomenjin aangedryf is) ons mielies kom dors. Ek het graag geluister hoe hulle oor die Rebellion gesels - hy was die regering-soldaat, my Pa was die rebel. Eienaardig hoe die beeld van die 18de eeuse stoomenjin en my Pa en die kreupel oom Jan wat saam op die dorsvloer stap in die jongste verlede gereeld by my opkom. Die gedagte dat die lidteken van 'n Afrikanerkoeël hulle aanmekaar verbind het, wil my nie met rus laat nie.

My Pa was 'n ondersteuner van Genl Hertzog. Hy was in die

Dertigerjare 'n Smelter en in die veertigerjare 'n OB-generaal en 'n ondersteuner van Havenga se Afrikanerparty. (Ek het lank my lidmaatskapkaartjie van die Junior-OB bewaar, maar dit ongelukkig verloor.) Ek het my politieke bewussyn gedurende die Verkiesing van 1943 gekry. Die spanning tussen die Malaniete en die Havengamense het - net soos tussen die Gesuiwerdes en die Smelters in die dertigerjare - aan burgeroorlog gegrens. Die gemeenskap van Edenville was in twee vyandige kampe verdeel. Woorde soos Gesuiwerde Nasionaliste, Malaniete en Keeromstraat het 'n baie slechte betekenis in ons huis gehad. Ná Malan en Havenga se verkiesingsooreenkoms in 1948 het my Pa 'n ondersteuner van die Nasionale party geword.

Ek was besonder bevoorreg dat twee vroue - albei sowat 25 jaar ouer as ek - 'n besondere rol in my akademiese vorming gespeel het. Ek het my Meesters- en Doktorsgrade aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi onder die leiding van Prof Maria de Reville. Sy was 'n Vlaamse dame wat aan verskeie Europese universiteite studeer het. Sy het aan my nie alleen 'n kontinentale en filosofiese benadering tot Ekonomie gegee nie, maar ook 'n teleologiese (d.w.s. Aristoteliaanse of Thomistiese) denkpatroon. Hiervoor sal ek haar immer dankbaar wees.

Vanaf 1973-76 was ek 'n lid van die Erika Theron-kommissie wat aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep ondersoek het. 'n Noue kollegeale en vriendskapsverhouding het tussen my en Prof Erika Theron ontwikkel. Dit was nie aldag maklik om een van die "boys" te gewees het wat in die Kommissie onder haar leiding moes werk nie. Van die baie dinge wat ek van haar geleer het, is daar twee wat ek moet noem. Eerstens het sy my geleer hoe noodsaaklik dit vir 'n kommissaris (of 'n sosiaal wetenskaplike) is om deur ter plaatse ondersoeke en in gesprek met die betrokke mense hom/haar nie alleen te vergewis van die feitelike stand van sake nie, maar om ook 'n aanvoeling vir die menslike dimensie van die probleem te verkry. Tweedens het sy by my 'n empatie met die lot van die minderbevoorregtes - iets wat reeds in my ouerhuis en deur Prof de Reville by my wakker gemaak is - baie sterker ingeskarp. As mense wonder waarom ek 'n "herverdelingsekonom" is, dan kom 'n deel van die lof my ouers en Proff. de Reville en Theron toe.

As lid van die Theron-kommissie het ek gekonsentreer op die verskynsel van chroniese gemeenskapsarmoede in Kleurlingegeledere. Ek het geleentheid gehad om die baie verdienstelike literatuur wat sedert die Tweede Wêreldoorlog in veral die VSA oor soortgelyke verskynsels gepubliseer is, te bestudeer. Ná ek drie jaar met hierdie probleem saamgeleef het - en dit van die môre tot die aand my verbeelding beetgepak het - kon ek my filosofies, teoreties en empiries deeglik vergewis oor die strukturele dimensie van die armoede probleem. Ek het daarvan oortuig geraak dat apartheid - in al sy veelheid van dimensies - inderdaad onregverdige ekonomiese en politieke magstukture geskep het wat die blankes struktureel op 'n onverdiende wyse bevoordeel en verryk het en 'n groot deel van die Kleurlinge in die toestand van onverdiende chroniese gemeenskapsarmoede laat beland het.

Ek was verantwoordelik vir Hoofstuk 22 - die slothoofstuk - van die Verslag. Die bedoeling van hierdie hoofstuk - en veral die filosofie onderliggend daaraan - was om paradigma-verskuiwings te probeer teweegbring t.o.v. twee geykte opvattingen in die heersende Wit-ortodoksie. Eerstens was die blankes geneig om - vanweë die byna dogmatiese aanvaarding wat die individualistiese sukses-moraal in hulle kringe geniet het - daardie Kleurlinge wat in armoede verval het en hulle aan "afwykende" gedrag skuldig gemaak het, in hulle individuele hoedanighede vir hulle "mislukkings" te blameer sonder om die rol van ongunstige omstandigheidsfaktore in ag te neem. Die armoede en agtergeblewendheid van die Kleurlinge is moraliserend toegeskryf aan inherente morele swakhede en/of aan rasgeoriënteerde biogenetiese tekortkominge. Om die nodige paradigmaverskuiwing teweeg te bring, is aangevoer dat die strukturele determinante wat die "lewensruimte" vir baie Kleurlinge gedefinieer het, so 'n "pathologiese" situasie geskep het dat die verarmde Kleurlinge se gedrag nie in terme van middelstand waardes beoordeelen veroordeel behoort te word nie. Die Verslag het nie huis daarin geslaag om die blankes se houding jeens die verarmde Kleurlinge te verander nie. Die suksesmoraal blyk so diep by veral die nouveaux riche Afrikaners ingeburger te wees dat die "afwykende" gedragspatrone van ander bevolkingsgroepe en/of klasse steeds misverstand en met pejoratiewe meerderwaardigheid veroordeel word.

Die tweede poging tot 'n paradigma-verskuiwing was t.o.v. begrotingsprioriteite en veral t.o.v. sosiale bestedings en die rol wat politieke magsfaktore ten opsigte daarvan speel. Die aanvaarde fiskale paradigma was dat dit nie van die regering verwag kan word om meer op die Kleurlingbevolkingsgroep - of enige ander anderskleurige bevolkingsgroep - te bestee nie, vanweë die beperkte bydrae wat sodanige bevolkingsgroepe tot die staatskas gemaak het. Die onhoudbaarheid van hierdie "apartheids-paradigma is bevraagteken deur daarop te wys dat die NP regering ná 1948 aansienlik meer op Afrikaner-opheffing bestee het as wat hierdie groep tot die staatskas bygedra het en dat "die Kleurlinge se ekonomiese en politieke toekoms ... binne dieselfde woongrense as dié van die Blankes geleë (is) en (dat dit) daarom ... nie alleen onprakties nie, maar ook onrealisties (is) om 'n staatsfinansiële bedeling vir die Kleurlinge te probeer ontwerp wat los en geskei staan van dié van die Blankes" (Paragraaf 22.26). Die Kommissie het daarvoor gepleit dat "die relatiewe bedingingsvermoë van die Kleurlinge op ekonomiese en politieke vlak in so 'n mate verbeter en geïnstitutionaliseer moet word dat hulle die toewysing van skaars (openbare) bronne ... tot hulle eie voordeel sal kan beïnvloed." (Paragraaf 22.63).

Alhoewel die owerheid se sosiale besteding t.o.v. die verskillende bevolkingsgroepe nog uiters skeef is - en daar nog steeds in per capita-terme drie keer meer op blankes as gemiddeld op die totale bevolking bestee word - het die regering intussen 'n belangrike paradigma verskuiwing ondergaan deur die beginsel van 'n "geïntegreerde begroting" in 'n een-nasie staat te aanvaar. Die Kommissie het hopelik 'n wesenlike bydrae tot hierdie paradigmaskuif gemaak.

Op 24 Maart 1976 - twee dae voor die laaste sittingsdag van die Kommissie - het ek en Dr Ben Vosloo 'n besoek aan Mnr John Vorster in Grootte Schuur gebring om oor die grondwetlike aanbeveling te gesels. Ná 'n lang gesprek het ek aan hom gesê dat die Kommissie tot die gevolgtrekking gekom het dat die Verteenwoordigende Kleurlingraad nie "kan werk nie". Hy het woedend gereageer en gesê "dit moet werk". Hy het toe sy rug op my gedraai en vir Ben Vosloo gesê hy sal bly wees as die Kommissie nie 'n meerderheidsaanbeveling oor grondwetlike

aangeleenthede sou maak nie. Danksy goeie diplomasie van Dr Theron in die volgende twee dae, het die meerderheid (in Aanbeveling 178) wel aanbeveel dat die Kleurlinge verteenwoordiging in die parlement en op ander regeringsvlakte behoort te kry. Die Theron-verslag is op 18 Junie 1976 - twee dae na die Soweto-onluste "uitgebreek" het - ter tafel gelê. Ongelukkig was dit toe reeds verouderd.

Ná my ervaring as lid van die Theron-kommissie het ek die strukturele onreg van die apartheidstelsel en die algehele ontoereikendheid van die NP-regering se sg. hervormingsbeleid so goed begryp, dat ek reeds op daardie stadium my verbintenis met die Nasionale Party moes verbreek het. Twee ander gebeurtenisse het my byna daartoe beweeg, nl. die spanning van die Soweto-onluste en die uiters oppervlakkige en tipies burokratiese Witskrif wat die regering in April 1977 oor die Aanbevelings van die Theron-verslag gepubliseer het.

Die feit dat ek my sprong nie in 1977 - d.w.s. 10 jaar vroeër - gemaak het nie, strek my tot skande en skade. Die rede waarom ek dit nie gedoen het nie, was omdat ek en sommige van my kollegas op Stellenbosch benewens ons "aangebore" organiese band met die Witstam van Afrika, intussen ook op allerhande maniere organisatories ingeskakel geraak het by 'n establishment wat behoefté aan verligte en hervormingsgesinde akademici gehad het om legitimiteit te verleen aan sy twyfelagtige magsposisie en aan sy kosmetiese hervorminge. Hierdie inskakeling het aan ons die geleentheid tot vermeende leierskapbeïnvloeding gebied. Agterna gesien, was die NP vanaf die middel sewentigerjare soos 'n skip wat sonder stuurman en kompas in 'n stormagtige see rondgedobber het met 'n groter behoefté aan advies om die skip vlot te hou as aan advies om die skip op 'n hervormingskoers te stuur.

Aan die begin van die sewentigerjare het ek ook my by die patronaatswerk laat inskakel. Ek en Mnr Chris Heunis het bevriend geraak en hy en Mnr P W Botha was daarvoor verantwoordelik dat ek vanaf 1972 tot 1987 'n lid van die Raad van die SAUK was. Aanvanklik het dit aan my 'n maandelikse tjek van R150 besorg wat (danksy inflasie) aangegroei het tot sowat R800 in 1987! Dit is vandag vir my 'n bittere gedagte dat ek my akademiese vryheid en verantwoordelikheid vir so 'n lang tyd vir so min silwerlinge kon verkoop!

Tog jammer dat so baie akademici in dieselfde slagyster beland. Ter versagting sou ek kon aanvoer dat toe ek aanvanklik op die Raad van die SAUK aangestel is, Dr Piet Meyer die uitsaaiwese nog met 'n ideologiese ysterhand regeer het. Die "liberale" of verligte vleuel van die NP van Kaapland het destyds van my verwag om die verkrampte Piet Meyer-establishment uit te tart en so vermoontlik te ondermyn. Ek moet erken dat ek hierdie rol - ongeag hoe suksesvol ek daarmee was - mateloos geniet het. Miskien het ek toe verwen geraak aan die rol om téén die establishment op te tree!

My lang vriendskapsverhouding met Mnr Chris Heunis is vanweë die sensitiewe aard van 'n verhouding wat later as gevolg van politiek-ideologiese redes op 'n breukspul uitgeloop het, uiteraard 'n aangeleentheid waaroor ek nie maklik kan skryf nie. Ek en Chris Heunis was vir die beste deel van 20 jaar inderdaad baie goeie vriende. Ons vriendskapsverhouding het nie alleen baie geleenthede aan my gebied nie, maar was oopsigself 'n waardevolle ervaring. Chris Heunis is 'n buitengewoon intelligente persoon wat oor die vermoë beskik om byna onmiddellik tot die wese van 'n probleemsituasie deur te dring en alle toevallige oorwegings uit die pad te veeg - dikwels met 'n groot mate van ongeduld en onvergenoegdheid. Oor die jare het ek baie van hom geleer. Ek wil graag glo dat ons vriendskap ook vir hom waardevol was en dat ek - hoe gering dit ookal mag wees - 'n bydrae gelewer het om hom van die morele onhoudbaarheid van apartheid te help oortuig. Ongelukkig het my en Chris Heunis se vriendskapsverhouding vanaf ongeveer 1984 al hoe meer gespanne geraak en tot 'n abrupte einde gekom in Februarie 1987. Dit is seker nie meer nodig om apologies te wees oor waarom ek eers in 1987 weggebreek het nie. Dit sou egter verkeerd wees as ek die "binding" van die vriendskapsverhouding met Heunis sou verswyg. Dit het nie alleen die breuk vertraag nie, maar dit ook soveel moeiliker gemaak.

Dit is allerweë bekend dat Mnr Heunis baie ambisieus was en baie graag Mnr P W Botha as staatshoof wou opvolg. Vanweë die omstrededinge wat ek soms geskryf en gesê het, het ons vriendskapsverhouding bepaalde risiko's vir hom ingehou. Hierdie risiko's het mettertyd al hoe groter geword veral vanaf 1985 toe Mnr Botha

belangstelling in hervorming verloor het en net in magkonsolidasie belanggestel het. Gedurende hierdie tyd het hy Heunis dikwels verwyt dat hy hom verkeerd geadviseer het oor hervorming en dan die skuld op al Mn^r Heunis se vriende en adviseurs - insluitende die akademici - gepak.

As ek terugkyk op wat gebeur het, moet ek seker nie verbaas wees dat Chris Heunis my vanaf 1984 nie meer na 'n enkele NP of sosiale geleentheid genooi het nie. Hy het my egter nog gereeld gebel as hy "advies" of "toespraaknotas" - soos hy dit eufimisties genoem het - nodig gehad het. Hy het dan sy motorbestuurder met sy ampsmotor gestuur om die "notas" te kom afhaal!

Op 16 Desember 1984 het ek 'n artikel in die *Sunday Times* geskryf waarin ek vir 'n verklaring van voorneme oor die afskaffing van apartheid gepleit het. Mn^r Heunis was glo baie ongelukkig daaroor. Op 8 Desember 1985 het ek - te midde van die voortslepende Township-onluste - 'n artikel in die *Rapport* geskryf onder die opskrif: "1985 - Jaar van krisis vir Apartheid". In die artikel het ek beweer dat die besluit om aan die apartheidskrisis 'n finale wending te gee wat die krisis sou kon besleg, nog lank nie deur die NP geneem is nie. Ek het aangevoer dat die kollektiewe gewete en die kollektiewe bewussyn omtrent die moreel onverdedigbaarheid en die strukturele onreg van apartheid nog nie in blanke geledere is wat dit behoort te wees nie en by implikasie die NP daarvoor verwyt. Meer as 'n jaar later is my meegeedeel hoe verontwaardig Chris Heunis daaroor was. Hy het nog die *Sunday Times*-artikel, nog die *Rapport*-artikel met my bespreek.

Soos ek reeds aangetoon het, moes my sprong uit die NP eintlik 10 jaar vroeër plaasgevind het. Afgesien van die gebeure op die politieke terrein, het ek in die "verlore" 10 jaar darem akademiese ontwikkeling deurloop wat dit vir my makliker gemaak het om die paradigma-skuif in 1987 te maak en om my optrede - ten minste in my eie gemoed - akademies te verantwoord. In 1980 het ek 'n boek oor die *Wording van die Westerse Ekonomie* gepubliseer. In hierdie boek het ek aan die hand van die Westerse geskiedenis oor die afgelope 1 000 jaar 'n bepaling probeer maak van wat 'n struktuurverandering behels. My belangstelling daarin was natuurlik nie om dowe neute nie. Ek het tot die gevolg trekking gekom dat 'n

"struktuurverandering" 'n "sosiale revolusie" is wat met 'n groter of kleiner mate van geweldpleging gepaard gaan. Dit gaan hoofsaaklik oor twee dinge: oor mag en waardes. Vanweë die struktuurverandering - wat 'n ideologiese en/of tegnologiese oorsprong kan hê - verskuif ekonomiese en politieke mag na ander klasse en/of groeperinge en die aanpassingsprosesse is nie afgeloop aleer 'n ander waarde-oriëntasie ter wille van die legitimering van die nuwe "stelsel" redelik algemene aanvaarding geniet nie. In lande waarin diegene met gevestigde belang in die bestaande orde daarin kon slaag om die vernuwingssproses kunsmatig te vertraag, het dit gewoonlik tot gevolg gehad dat die struktuurverandering mettertyd op 'n meer gewelddadige wyse deurgevoer is.

In 1986 het ek 'n boek getiteld *Politieke Ekonomie en Sosiale Welvaart* gepubliseer. In hierdie boek het ek die begrip "sosiale welvaart" - ofte wel die (gesamentlike) welvaart van die gemeenskap as geheel - so goed as moontlik probeer definieer. Ek het probeer aantoon dat sosiale welvaart 'n veeldimensionele grootheid is, wat nie bloot 'n funksie van ekonomiese groei, doeltreffendheid en 'n styging in per capita-inkome is of kan wees nie, maar dat die stabilitet van sosio-ekonomiese en politieke verhoudinge, die billikhed en/of regverdigheid van die verdeling van inkome en geleenthede en sekere beskawingsdoelstellings - soos vryheid, individuele verantwoordelikheid en kreatiewiteit - eweseer belangrike determinante van sosiale welvaart is.

Die skryf van hierdie boek het my daarvan oortuig dat 'n mens in die Suid-Afrikaanse situasie net vakwetenskaplik gesproke 'n Politieke Ekonom per se kan wees, as mens jouself van dag tot dag kan dissiplineer om konsekwent in terme van sosiale welvaart van die bevolking as geheel (d.w.s. al 37 miljoen) te dink in 'n poging om die tipiese Suid-Afrikaanse beperkings van groepsdenke en selektiewe belang so goed as moontlik te oorkom. Die denkdissipline rondom die omvattende en veeldimensionele aard van die grootheid "sosiale welvaart" het dit onvermydelik gemaak dat ek mettertyd myself moes distansieer van die NP se eng en selektiewe interpretasie van "welvaart" of die "algemene belang". 'n Mens het rede om te wonder of die NP ooit daarin gaan slaag om in terme van die

sosiale welvaart van die totale bevolking te dink en op te tree. Waarskynlik nie.

P W Botha se Rubicon-toespraak op 15 Augustus 1985 het 'n keerpunt in Suid-Afrika se geskiedenis bewerkstellig. Dit het direk aanleiding gegee tot die korttermynskuldkrisis wat katestrofiese gevolge kon gehad het. Gelukkig het die Europese bankiers tot Suid-Afrika se redding gekom en is die Skuldstilstandooreenkoms gesluit wat aan Suid-Afrika die geleentheid gebied het om sy korttermynskuld oor 'n redelike termyn terug te betaal.

Te midde van die geoorloofde besorgdheid oor die verslegtende veiligheidsituasie asook oor die rigting en tempo van hervorming het 'n groep akademici - waarvan die meerderheid NP-gesind was - in Oktober 1985 bymekaar gekom en besluit om 'n nuwe besprekingsgroep te stig, en dit Besprekingsgroep '85 genoem. Ek het die voorsitter daarvan geword. In Januarie het ek 'n Memorandum vir voorlegging aan die Spesiale Kabinetskomitee i.s. Swart Staatkundige Ontwikkeling aan Chris Heunis oorhandig. In die Memorandum - wat nie vir publikasie bedoel was nie - het ons op 'n beleefde manier aan die regering probeer sê dat dit vir ons wil voorkom asof allerhande konseptuele blokkades en onverantwoorde persepsies by 'n beduidende aantal regeringsleiers leef en dat dit die regering daarvan weerhou om 'n indringende diagnose van die veranderende probleemsituasie te maak. Om ons punt te illustreer, het ons verskeie persepsies wat as heersende ortodoksie gegeld het, aangehaal en die waarheidsgehalte daarvan aan 'n kritiese bespreking onderwerp. Dit het o.m. te make gehad met dinge soos die beweerde vyandige houding van Westerse lande, soos Suid-Afrika se beweerde vermoë om alleen die mas op ekonomiese gebied op te kom, soos die beweerde Totale Aanslag en soos die standpunt dat 'n onderhandelde skikking met swartmense moontlik sou wees selfs al word die ANC daarvan uitgesluit. Ons het aan die regering probeer sê dat dit vir ons wil voorkom asof die regering van mening is dat hy die antwoord op al die brandende probleme het, maar dat dit net moontlik is dat hy vanweë die konseptuele blokkades wat oor 40 jaar geakkumuleer het, nie meer oor die vermoë beskik om te bepaal wat die ware aard van die veranderde probleemsituasie is nie.

Mnr Chris Heunis het laat blyk dat hy nie van die ondertoon van die dokument hou nie. Hy het 'n versoek aan die Groep gerig om ons te ontmoet omdat ons, volgens hom, standpunte geformuleer het sonder dat ons oor die nodige inligting beskik het. Die Groep het sy versoek indringend bespreek en besluit dat ons ons goed genoeg oor die regering se beleidsverklarings en die motivering daarvan verantwoord het en dat aanvullende inligting aan ons verskaf kan word wanneer getuienis voor die Spesiale Kabinettskomitee afgelê word.

Na etlike maande is ons in kennis gestel dat die Groep op 13 Junie 1986 getuie kan aflê. 'n Paar dae voor die datum is die afspraak sonder opgaaf van redes gekanselleer. Op 12 Junie is die Noodtoestand afgekondig. Eers in Februarie 1987 is ek weer in kennis gestel dat die Groep op 25 Februarie getuienis kan aflê. Ons het toe die Kabinettskomitee laat weet dat ons Memorandum reeds verouderd is en dat ons tyd nodig het om dit te vernuwe. Die Groep het op die ou end nooit 'n geleentheid gehad om oor sy goedbedoelde "persepsie-dokument" getuie af te lê nie!

'n Vergadering van die Groep is vir 14 Junie 1986 belê om aan diegene wat die vorige dag getuienis sou aflê, die geleentheid te bied om verslag te doen. Op 'n koue reënerige aand het slegs 13 lede van die Groep vir die vergadering opgedaag. Hierdie 13 het besluit om 'n brief aan die Staatspresident te skryf oor die addisionele veiligheidswetgewing wat op daardie stadium voor die Parlement gedien het. Dit het daartoe gelei dat ses lede van die Groep op 29 Augustus 1986 'n gesprek met die Staatspresident in Tuynhuys gevoer het. Mnr Botha het na 'n baie ongelukkige gesprek aan ons gesê dat 'n mens senuwees van staal moet hê in die pos wat hy beklee. Hy het toe vermakerig daaraan toegevoeg dat hy bekommerd is oor die gebrek aan senuwees wat hy by ons groep Stellenbossers waarneem. Hierdie opmerking het my diep gegrief. Aan die einde van die samespreking het ek aan hom gevra of hy bereid sou wees om die hele groep toe te spreek. Hy het sekere voorwaardes vir so 'n ontmoeting gestel. Ná 'n briewewisseling oor die voorwaardes, is die Groep uiteindelik genooi om hom op 20 Februarie 1987 in Tuynhuys te ontmoet.

Toe die samesprekings om 2.30 n.m. begin het, kon 'n mens die gespanne atmosfeer met 'n mes sny. Ses lede van die Groep van 28 het as segsmanne opgetree. Ek was die enigste een van die ses wat nie teologiese opleiding deurloop het nie. Al ses het hulle met die morele, die filosofiese en/of teologiese onhoudbaarheid van die apartheidstelsel besig gehou. As ek daaraan terugdink, moet ek erken dat ons die "morele-pap" daardie dag darem 'n bietjie te dik aangemaak het en te akademies oor die strukturele dimensies van die probleem gepraat het.

Dit het ons 45 minute geneem om ons saak te stel. Die Staatspresident het in detail op elkeen se insette gereageer. Hy was vir 'n uur en 'n half ononderbroke aan die woord en het geëindig met die opmerking dat die vergadering verby is. Ek het intuitief gereageer en gesê dat dit nie die geval kan wees nie want ons sou graag vrae wou vra en 'n bespreking wou voer. Dit het tot 'n heftige woordewisseling geleid wat amper op chaos uitgeloop het. Van die vrae en bespreking het niks teregt gekom nie. Toe ek die Staatspresident buite die deur van die saal groet, het sy oë geblyt en hy het verwytend aan my gesê: "'n Mens smyt nie jou lewe so weg op hierdie ouderdom nie". Die volgende dag het ek uit die NP bedank. Ek het ongelukkig nie magtiging om besonderhede te verskaf oor die argumente wat daardie middag gestel is nie. Indien 'n getranskribeerde weergawe van die bandopname wat na alle waarskynlikheid gemaak is, gepubliseer kan word, sal dit vir baie NO-ondersteuners ernstige stof tot nadenke bied.

Op 7 Maart 1987 het die 28 lede van die Groep wat die onderhoud met die Staatspresident gevoer het, 'n persverklaring uitgereik waarin verklaar is dat direkte skakeling met regeringsleiers om ons besorgdheid oor die verslegtende veiligheidsituasie asook oor die tempo en rigting van hervorming, nie die gewenste resultate opgelewer het nie. Gevolglik kon die lede van die Groep hulle nie langer weerhou van 'n openbare verklaring nie. In die Verklaring het ons beweer dat ons daarvan oortuig is dat die regering se onvermoë om tekens van hoop vir die ontkieserde meerderheid op te rig, die rede is waarom die onderhandelingsproses oor die akkommodasie van alle (met name Swart) Suid-Afrikaners by die besluitnemingsproses nie behoorlik op gang

kan kom nie. In die verklaring is beweer dat sodanige tekens van hoop net opgerig kan word, indien die regering bereid sou wees om 'n ondubbelsinnige verklaring van voorneme uit te reik om alle oorblywende vorme van apartheid af te skaf en hom ook bereid sou verklaar om "mag effektief met swartes in Suid-Afrika te deel".

Die persverklaring het binne- sowel as buitelands groot opslae gemaak. Dit is van regeringskant skerp veroordeel. Betekenisvol genoeg, bestaan daar 'n merkwaardige ooreenkoms tussen die strekking van die verklaring en die hervormingstoespraak wat Mnrr F W de Klerk presies drie jaar later, op 2 Februarie 1990, in die Parlement gehou het.

Die skerpste kritiek teen die Verklaring is uitgespreek in 'n lang hoofartikel van Die Burger van 9 Maart 1987. Onder die opskrif "Onbehaaglikes", skryf Die Burger: "Die gebeurde van die naweek bied verdere stof vir die vermoede dat 'n groepie onbehaaglikes ... daarop uit is om die maksimum skade aan die Nasionale Party (sic) te berokken ... Rakende die verdere "toegewings" wat die akademiese groep van die NP verlang om die klimaat vir onderhandeling te verbeter, kan die teenvraag gestel word of dit sommer maar eensydig gedoen moet word ..." (Tog snaaks dat Pres De Klerk nie vir die "eensydigheid" van sy toespraak op 2 Februarie 1990 deur Die Burger verwyt is nie.)

In die weke wat op die verklaring van 7 Maart gevolg het, het Die Burger probeer om die Verklaring vir partypolitieke doeleindes te misbruik en allerhande beleidende opmerkings en berigte oor lede van die Groep gepubliseer. Dit het daartoe aanleiding gegee dat 'n petisie waarin met "leedwese en verontwaardiging" kennis geneem is van die optrede van Die Burger, tussen dosente op Stellenbosch gesirkuleer is deur kollegas wat nie lede van die Groep was nie. Binne enkele dae het 301 dosente op Stellenbosch die petisie onderteken. Die petisie het o.m. ook verklaar dat die ondertekenaars in breë trekke saamstem met die Verklaring van 7 Maart. Die petisie en die name van diegene wat dit onderteken het, is op 28 Maart aan die media uitgereik.

In 'n verstommende reaksie skryf Die Burger op 30 Maart 'n hoofartikel oor wat toe vry algemeen as die "Stellenbosse Opstand" bekend gestaan het. Die hoofartikel sluit met die volgende paragraaf af: "Dit (d.w.s. die optrede van die betrokke Stellenbosse akademici) is optrede wat geen opvoedkundige inrigting van watter aard ookal waardig is nie. Want dit is nóg akademies, nóg wetenskaplik. Dit is nijs meer as derderangse politiekery nie". Die betrokke akademici moes 3 jaar wag voor dat hulle "derderangse politiekery" die amptelike beleidspunt van die De Klerk-regering geword het! Niemand kan vandag meer twyfel dat Die Burger en die NP se reaksies op die Verklaring van die Groep onakademies, onwetenskaplik, derderangs ... én kortsigtig was nie!

Ek wil graag glo dat die Stellenbosse opstand van 1987 'n reeds gevestigde tradisie van opstand en sosiale kritiek deur Stellenbosse dosente teen die establishment van die dag voortgesit het. Sedert die jare dertig het Stellenbosse dosente gedurende elke dekade vir 'n kleiner of groter opstand teen die Afrikaner-gemeenskap of die regering gesorg. In die dertigerjare het pogings om Prof Johannes du Plessis van sy pos in die Kweekskool te onthef, tot 'n lang uitgerekte hofsaak geleid. Dit het groot opslae gemaak. Op 7 April 1941 het 'n groep van 14 professore en vyf lektore verbondé aan die Universiteit van Stellenbosch 'n manifes uitgereik "wat op die demokratiese lewensbegrip in teenstelling met die totalitaire begrip gegrondves (was)". Die groep was bevrees dat die Afrikanerdom vernietig sou word as totalitaire teorieë in Suid-Afrika in dade omgesit sou word en het die manifes geskryf as protes teen "die slaafse navolging van uitlandse strydmetodes, blinde vooroordele, en bittere onverdraagsaamheid wat ongelukkig in so baie Afrikaanssprekende kringe reeds die botoon voer". Die manifes was baie ooglopend gemik teen die Nasionaal sosialisme en die populariteit wat Nazi-Duitsland aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog inveral Afrikanerkinge geniet het. Die manifes is o.m. onderteeken deur Proff. B B Keet, P Serton, N J Brummer, A C Cilliers en F E J Malherbe.

Aan die einde van die veertigerjare het Professor A C Cilliers se reaksie op die Fagan-verslag (wat oor die onvermydelikheid van grootskeepse Swartverstedeliking gehandel het) aanleiding gegee tot die stigting van SABRA. In die jare vyftig was SABRA 'n Stellenbosch gebaseerde organisasie wat belangrike insette tot die Tomlinson-verslag gemaak het en 'n belangrike rol in die interpretasie daarvan gespeel het. In die vroeë sestigerjare het 'n groep Stellenbosse professore wat aktief in SABRA was - nl. Proff N J J Olivier, J L Sadie en S P Cilliers - 'n skerp konfrontasie met Dr Verwoerd oor sy Tuisland-beleid gehad. Dit het daartoe geleid dat die Afrikaner-establishment 'n oornname van SABRA gemaak het tydens sy kongres op Bloemfontein in 1961.

Gedurende veral die vyftigerjare het die vermaarde Professor B B Keet die leiersfiguur van 'n klein groepie akademici geword wat 'n verloorstryd teen die NP se apartheidsbeleid en teen die verwydering van Kleurlinge van die gesamentlike kieserslys gevoer het. Die Stellenbosse tradisie van sosiale kritiek is oor baie jare volgehou deur Professor J J Degenaar en kollegas wat nou met hom verbind was soos Professor D D Joubert, Dr van Zyl Slabbert, Professore André du Toit en Hermann Giliomee (tans van Universiteit Kaapstad) en Jannie Gagiano. Die weerstand wat hierdie groep teen die NP en sy propaganda gebied het gedurende die kwart-eeu toe Mnre Vorster en Botha die staatshoofde was, kan seker nie maklik oorbeklemtoon word nie. Gedurende hierdie jare was ek en sommige van my kollegas betrokke by redelik heftige polemiese met die Degenaar-groep in 'n poging om die NP te verdedig. Toe Johannes Degenaar aan die einde van 1987 lid van die Besprekingsgroep '85 geword het, het ek aan hom my apologie aangebied vir die verleentheid wat ek hom en sy ondersteuners aangedoen het. Hy het my apologie grootmoedig aanvaar. Ek is hom dankbaar daarvoor.

Hopelik het Besprekingsgroep '85 nie net 'n gevestigde tradisie van protes voortgeplant nie, maar dit ook aansienlik verbreed. Die Groep van 28 wat die ontmoeting met Mnre P W Botha gehad het en die Verklaring van 7 Maart 1987 onderteken het, het senior professore soos Bethal Müller (van die Kweekskool), Bernard Lategan, Willie Esterhuyzen, ^{Johannes} Attie de Vries (van die Sakeskool), Barnie

Barnard en Chris Engelbrecht ingesluit. Later het Proff Laurie Ackermann, Lourens du Plessis, Gerhard Erasmus en Andries van der Walt ook lede van die Groep geword. Op 12 Maart 1988 het 34 lede van die groter Groep 'n besonder skerp verklaring uitgereik oor verskeie aangeleenthede waaronder die regering se uitdagende houding teenoor die ~~beleid~~, oor die weerhouding van en verbod op inligting en oor die Botha-regering se algehele gebrek aan 'n toekomsperspektief. Die destydse noodmaatreëls is as drakonies bestempel. Ons het beweer dat dit die regering hoogstens op die kort termyn in staat stel om die simptome van sy verlies aan legitimiteit en van die hewige polarisasie in die samelewing in bedwang te hou. Die Groep het sy Verklaring met die volgende stelling afgesluit: "n Relatief vreedsame ontknoping van die Suid-Afrikaanse krisis is wel nóg moontlik indien die apartheidstrukture wat Suid-Afrikaners op 'n rassemassis verdeel afgetakel kan word; indien wegbeweeg kan word van die konfrontasiestyl met sy negatiewe gesindheidskrisis na 'n samewerkingstyl; indien daar spoedig onderhandel kan word met die werklike leiers van swart Suid-Afrikaners en met die organisasies wat die meerderheid se legitieme bevrydingstrewes daadwerklik akkomodeer en indien die huidige trotserende gesindheid t.o.v. internasionale betrekkinge vervang kan word deur een van versoening en van 'n erkenning van ons noue internasjonale interafhanklikheid".

Indien die uiters treurige stand van die Suid-Afrikaanse politieke situasie, sowel binne- as buitelands, aan die begin van 1988 in ag geneem word, dan kan die Verklaring van 12 Maart 1988 as 'n besonder relevante en selfs as noodsaaklike verklaring bestempel word. Dit was 'n Verklaring wat die betrokke dosente van die Universiteit van Stellenbosch tot eer strek. Ek ag my gelukkig dat ek 'n aandeel daarin kon gehad het.